Wêreldwye platforms, gedeeltelike beskerming: Ontwerpdiskriminasie op sosialemediaplatforms

Daar is 'n aantal maniere waarop die privaatheid- en veiligheid wat aan jongmense regoor die wêreld op oënskynlike identiese digitale platformsgebied word, verskil. Kinders van sekere dele van die wêreld word meer veiligheid en meer privaatheid as ander gebied; dit is 'n vorm van ontwerpdiskriminasie.

Drie wêreldwye platforms toon verskeie vlakke van ontwerpdiskriminasie: WhatsApp, Instagram en TikTok.

TikTok se geografie is beperk tot 'ouderdomsgeskikte' ervaringe

TikTok se privaatheidsbeleide van regoor die wêreld dokumenteer variasies in veiligheidsfunksies, privaatheidsfunksies en verskillende minimumouderdomme. Jongmense van 13–17 jaar wat in Europa, die VK & Switzerland gebaseer is, word ekstra beskerming gebied.

> *"Om gebruikers jonger as 18 jaar van'n ouderdomsgeskikte belewenis te voorsien, is sekere funksies nie beskikbaar nie."*

Hierdie 'ouderdomsgeskikte belewenis' kom nie in beleide van enige ander plek in die wêreld voor nie.

WhatsApp se verskillende hantering van data

In Julie 2021, het Data Privacy Brazil verskille in die Bepalings en voorwaardes wat aan Brasiliaanse, Indiese en Europese gebruikers gebied word, waaronder gebruikers van die ouderdom van3–17 jaar, vergelyk. Hulle het bevind dat Europese kinders sterker databeskerming teen onnodige datadeling geniet, asook meer duidelikheid oor dataskrapping en wat dit beteken.

Instagram se privaatheidsinstellings

Toe die VK se *Ouderdomsgeskikte Ontwerpkode* van krag geword het, het Instagram 'n horde veranderinge aangekondig om vir jongmense 'n 'veiliger, en meer privaat ervaring' te bied. Hulle het aangekondig:

> "*Waar ons ook al kan, wil ons verhoed dat jongmense gekontak word deur volwassenes wat hulle nie ken nie of nie gekontak wil word nie. Ons glo dat privaat rekeninge die beste manier is om te verhoed dat dit gebeur. Van hierdie week af gaan almal wat jonger as 16 jaar oud is (of onder 18 in sekere lande) outomaties in 'n private rekening geplaas word wanneer hulle by Instagram aansluit*[1]."

Dit beteken dat 16- en 17-jariges van 'sekere lande' beter beskerm is teen volwasse vreemdelinge. Ons glo dat hierdie sekere lande almal of meestal Europees is.

Verskille in minimumouderdom van gebruikers

Sekere platforms stel verskillende minimumouderdomme in verskillende lande vas , ten spyte daarvan dat hulle funksioneel identiese produkte aanbied. Hierdie verskille word gedryf deur verskillende regsraamwerke en verpligtinge, maar dit opsigself weerspieël die krag van die onderskeie reguleerders om te bepaal watter ouderdom hulle voel toepaslik is. Die minimumouderdom om Whatsapp, TikTok en Instagram te gebruik strek van 13–21, en platforms is dikwels nie duidelik oor wat die minimumouderdomme in spesifieke lande is nie.

Taal waarin beleide, riglyne en ondersteuning beskikbaar is

Jongmense van lande wat internasionaal-gewilde tale praat, kan privaatheidsbeleide en hulptoonbank- en ondersteuningsfunksies in hul taal lees, maar dit was nie altyd die geval nie. Amharies, Sloweens en die Suid-Afrikaanse amptelike tale (behalwe Afrikaans op Instagram) is grotendeels nie ondersteun nie.

[1]Met 2021 'Gee jongmense 'n veiliger, meer privaat belewenis op Instagram' https://about.fb.com/news/2021/07/instagram-safe-and-private-for-young-people/

Verstek-privaatheidsinstellings vir 17-jariges

Rekeninge op baie sosialemediaplatforms kan of as 'openbare rekeninge', of 'privaat rekeninge' wat veiliger is, ingestel word. Wanneer 'n jong persoon 'n rekening open, kan 'n sosialemediamaatskappy kies om hul rekening outomaties op openbaar of privaat in te stel. Verstekinstellings vir 17-jariges verskil per land

Op Instagram is nuwe rekeninge vir 17-jariges:

- Gevra om te kies tussen 'openbare' of 'private' profiele in Brasilië, Argentinië, Colombia, Ghana, Suid-Afrika, Ethiopië, Indonesië, Australië, VSA, Kanada, Finland
- Outomaties ingestel op private rekeninge in die Verenigde Koninkryk, Slowenië, Duitsland

Op TikTok is nuwe rekeninge vir 17-jariges:

- Outomatiese ingestel op openbare rekeninge in Brasilië, Argentinië, Colombia, Ghana, Ethiopië, Suid-Afrika, Indonesië, Australië, VSA, Kanada
- Gevra om tussen 'private' profiele te kies of om hierdie keuse oor te slaan in UK, Slovenia, Germany, Finland

Regulasies wat die prioritisering van kinders se beste belange vereis, is noodsaaklik om te verseker dat kinders en jongmense se digitale wêrelde so veilig, privaat en regte-bevorderend moontlik is.

Hierdie soort regulasies is in plek in die VK, Ierland, Nederland, Frankryk en Swede, wat dalk verklaar waarom Europese kinders meer beskerming geniet. Maar voorstelle word in Kalifornië, Australië en die EU as geheel oorweeg. Beleidmakers en rolspelers in die burgerlike samelewing van regoor die wêreld moet hierdie regulasies ernstig oorweeg om te verseker dat alle jongmense die beskerming kry wat hulle verdien.

Individuele tegnologiemaatskappye moet wêreldwyd in ooreenstemming met hierdie vereistes optree, nie net in lande waar hulle wetlike verpligtinge het nie.